SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS SONDAG 21 JUNIE 2015

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd in Afrikaans en om 08:30 Sentraal Afrika Tyd in Engels landswyd 'n nuusbulletin uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Vir Echolink-luisteraars is daar 'n herleiding deur ZS0JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se webblad.

Hierdie oudiobulletin kan van die Liga se webblad by www.sarl.org.za afgelaai word. 'n Teksweergawe van hierdie en vorige bulletins kan ook daar verkry word en jy kan ook inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

Die SARL Nuus span wens alle Vaders 'n baie spesiale Vadersdag toe. Ons herinner ook dat die winter-son wending vir die suidelike halfrond om 18:30 SAT vanmiddag sal wees. Daarna is ons op pad terug somer toe.

In die nuus vandag

'N GELEENTHEID OM JOU SARL TOPBAND SERTIFIKAAT TE VERDIEN

SA AMSAT MAAK MOEILIKE BESLUITE OOR KLETSKOUS

en

DIE STANDAARD VIR FOTOVOLTAÏESE OMKEERDERS GEE VERLIGTING

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

** Om jou SARL Top band Sertifikaat te verwerf, moet die Suid-Afrikaanse stasies bevestiging van minstens ses verskillende Suider-Afrikaanse roepgebiede hê, waarvan ten minste vyf in die Republiek van Suid-Afrika moet wees. Die sesde kontak kan wees met die sesde Suid-Afrikaanse roepgebied, of uit enige van die buurlande - Botswana, Lesotho, Mosambiek, Namibië, Swaziland of Zimbabwe.

Die Liga se Top band QSO Geselligheid is op die lug van 00:00 UTC op Donderdag 25 Junie 2015 tot 00:00 UTC op Maandag 29 Junie 2015 met gelykgolf aktiwiteit van 1 810 tot 1 838 kHz en foon aktiwiteit van 1 840 tot 2 000 kHz. Die uitruiling is 'n RS of RST verslag en provinsiale- of lands-afkorting. Die frekwensie van elke QSO moet gewys word op die logstaat.

Elke stasie kan een keer per modus gekontak word, d.w.s., een keer op foon en een keer op gelykgolf. Elke kontak tel drie punte. Bonus punte - elke Suid-Afrikaanse roepgebied en elke DXCC land gewerk word met vyf bonus punte beloon. Die totale telling is gelyk aan (totale QSO punte) plus (bonus punte). Logstate moet teen 6 Julie 2015 per e-pos aan contest@sarl.org.za gestuur word.

** Die ZS90SARL roepsein gaan aktief wees tot 31 Desember 2015. Tot op datum is 12 159 kontakte gemaak met 4 515 bevestigings volgens Logbook of the World. ZS90SARL het alreeds 'n gemengde modus DXCC verwerf en is nog ses bevestigings weg van 'n gelykgolf DXCC. As jy wil graag ZS90SARL wil bedryf, stuur 'n e-pos aan sarl90@sarl.org.za en gee die datums van die werking.

** Tydens 'n voor-konferensie Ingenieurs-vergadering gehou op Vrydagaand het lede van die SA AMSAT CubeSat-span 'n paar moeilike besluite geneem. Gedurende die afgelope paar jaar is daar met verskeie opsies en substelsels geëksperimenteer.

Die span het nou die datum vir lansering van Kletskous op Julie 2017 gestel met die eerste vlug model om gereed te wees teen Februarie 2016 vir toetsing waarna finale integrasie sal begin. Dit vereis dat verskeie module ontwerpe gevries en gebou word teen Oktober 2015. Dit word beplan om al die modules saam te bedraad in 'n broodbord konfigurasie vir die toets van die onderling samewerking van die verskillende sub-eenhede teen Desember 2015. Sommige modules is op 'n meer gevorderde stadium as ander, maar in die volgende paar maande, verwag die span om in te haal en te voldoen aan die sperdatum vir die eerste toets broodbord.

Frik Wolff, ZS6FZ, tegniese bestuurder van die Liga, het by die span aangesluit en is besig met sonpanele en stabilisering kwessies. Francois Oberholzer, 'n honneurs-student aan die Universiteit van Stellenbosch, werk op die verbetering van die gewig/krag verhouding van die ruimte raam, 'n projek wat deel is van sy tesis. Nico van Rensburg, ZS6QL, as program bestuurder en die persoon wat verantwoordelik is vir die dokumentasie, sal die projek bestuurder, Hannes Coetzee, ZS6BZP, ondersteun

Daar is baie geleenthede vir radio amateurs om by die tegniese span aan te sluit. As jy 'n besondere kundigheid of passie het om waarde toe te voeg tot die KLETSKOUS projek, bespreek jou deelname met Hannes Coetzee of enige van die lede van die span en stuur jou besonderhede na saamsat@intekom.co.za. Daar sal 'n voller bespreking oor KLETSKOUS wees in Amateur Radio Today later vanoggend.

** Mike Bosch, ZS2FM, vra, "hoe groot is die heelal?" Toe die Big Bang plaasgevind het, is ons omring deur 'n borrel van infrarooi straling - hitte, wat teen die spoed van lig uitgebrei het, dieselfde spoed as radio golwe, ultraviolet strale, X-strale en gammastrale. Aangesien hierdie infrarooi borrel weg van ons gereis het, het die Doppler-verskuiwing sy golflengte verander van infrarooi na mikrogolwe. Dit is per ongeluk ontdek deur radio sterrekundiges as die kosmiese mikrogolf-agtergrond straling op 'n golflengte van 7,35 sentimeter en 'n temperatuur van 2,7 Kelvin op 'n afstand van 13,8 miljard ligjare van ons af. Dit beteken dat ons omring was deur 'n kosmiese mikrogolf-agtergrond borrel, met 'n radius van 13,8 miljard ligjare en 'n deursnee van 28 biljoen ligjare, wat dateer terug tot 13,8 miljard jaar gelede. Teen die tyd het die kosmiese mikrogolf-agtergrond borrel die waarnemings-heelal uit gebrei tot 'n radius van 46 biljoen ligjare en 'n

deursnee van 92 biljoen ligjare. 'n Ligjaar is gelyk aan 9,460 miljard kilometer.

U luister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

** Die standaard vir fotovoltaïese omsetters bied verligting. Die CISPR 11 standaard met die titel "Industrial, scientific and medical equipment - Radio disturbance characteristics - Limits and methods of measurement" "dek elektroniese toestelle soos sonkrag omsetters. Alhoewel daar spannings grense vir beheerde emissies by die hoof poorte in die verlede was, was die grense vir die verbindings na die sonselle nie daar nie.

Na 'n positiewe stem van die internasionale standaardiserings liggame, sal CISPR 11 Ed.6.0 amptelik verskyn. In hierdie nuwe weergawe, sal grense uiteindelik van toepassing wees (74 dBuV tussen 500 kHz en 30 MHz) vir die DC terminale, in die besonder vir stelsels tot 20 kVA in residensiële omgewings (Klas B).

Deur die intensiewe werk van die IARU in die standaardiserings liggame gedurende die afgelope 5 jaar, is hierdie doel uiteindelik bereik. "Maar die werk in terme van fotovoltaïese eindig nie hier nie," het Thilo Kootz, DL9KCE, EMC koördineerder van die IARU gesê. "Die grense word tans bekragtig deur die nagaan van die emissies van installasies in 'n rekenaar model. Dit is moontlik dat grense aangepas moet word na dié bekragtigings fase. Egter, met die huidige beperking, is redelike beskerming aan kortgolf ontvangs reeds bereik."

** Die ARRL Kids Day. As jy "CQ Kids Day" vandag op die lug hoor, sal dit deel wees van die ARRL se Kinderdag op Sondag 21 Junie vanaf 18:00 tot 23:59 UTC. Kids Day is 'n manier om jong mense na die magiese van amateur radio in die VSA in te voer deur om hulle op die lug te plaas. Jong mense sal op die lug wees vanaf amateur stasies regoor die VSA, so asseblief, gee hulle 'n oproep en help om hierdie potensiële nuwe rekrute in die stokperdjie in te lei.

** Die uitslae van die AWA Buis QSO geselligheid gehou op 9 en 10 Mei 2015 is vrygestel. Daar was 19 stasies gelog op AM, maar slegs 1 log ontvang. Op ESB, was daar 65 stasies gelog, maar slegs 6 logs ontvang!

AM seksie 1ste Jan Botha, ZS4JAN - 27 punte

SSB seksie 1ste Jan Botha, ZS4JAN - 176 punte 2de Mario Beltrame, ZS6MAR - 132 punte 3de Stephen van Jaarsveldt, ZS6SVJ - 72 punte

Baie geluk aan almal wat die dae so 'n sukses gemaak het.

** Die voorlopige uitslae van die All Africa All Mode DX kompetisie gehou in Maart 2015 is vrygestel. Besoek http://1drv.ms/1eerUEg vir die uitslae of kry 'n afskrif van die HF Happenings nuusbrief 660.

Een honderd twee en dertig logs en vier kontrole logs is ontvang vir hierdie eerste kompetisie. Slegs veertien logs is ontvang van plaaslike stasies. Afrika is

verteenwoordig deur stasies van Suid-Afrika en Namibië. Ons kan net hoop dat daar meer aktiwiteit volgende jaar sal wees, veral uit Afrika.

** Die Winter Vlooimark van die Oos-Rand Radiokub sal gehou word vanaf 12:00 SAT op Saterdag 27 Junie 2015. Jy staan ook 'n kans om 'n Daiwa CN-801 kruis naald SWR / Krag meter ter waarde van R2 250 te wen tydens die Oktober 2015 vlooimark (dankie aan Sam's Radio Accessories) vir net R30 per looitjie. Die kaartjies sal te koop wees by die Winter Vlooimark. Boereworsrolle en koue drankies sal beskikbaar wees. Bring die familie en kom geniet die dag saam met ons. Om 'n tafel te bespreek teen R30 elk, kontak Judy op 079 730 2030 of e-pos aan zs6erb@gmail.com

** Op Sondag 28 Junie het die Antieke Draadloosvereniging se KZN Tak 'n ope dag by die Baynesfield Museum. Daar sal 'n vertoning van oudhede wees en almal is genooi om saam te kom en die dag saam met ons te geniet en bring enige items wat jy wil om te wys of verkoop. Aktiwiteite begin om 09:00 en aanwysings is beskikbaar op die AWA webwerf by www.awasa.org.za. Die kontakbesonderhede in die gebied is Don, ZS5DR, op 082 416 8880 vir enige verdere inligting.

** In die voortplanting verslag, Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak gematig gaan wees. Sonvlekke AR2367 en 2371 het komplekse magnetiese velde en kan M- of X-klas sonfakkels oplewer.

Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van ongeveer 97 vir die week gebruik. Amateurs kan veral laatmiddag en gedurende die aande goeie openinge op die 20 tot 12 m DX bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

En nou vir die dagboek van gebeure

21 Junie - Die ARRL Kids Day kompetisie 25-29 Junie - die SARL Top band QSO geselligheid 26-28 Junie - Ham Radio in Friedrichshafen 27 Junie - die Oos-Rand Winter Vlooimark 28 Junie - die AWA KZN Tak Opedag by Baynesfield Museum 5 Julie - die ZS5 Naelloop 11 en 12 Julie - Die IARU HF Kampioenskappe

Om hierdie bulletin te beëindig, 'n herhaling van ons belangrikste item in die nuus vanoggend

Die Liga se Top band QSO Geselligheid is op die lug van 00:00 UTC op Donderdag 25 Junie 2015 tot 00:00 UTC op Maandag 29 Junie 2015 met gelykgolf aktiwiteit van 1 810 tot 1 838 kHz en foon aktiwiteit van 1 840 tot 2 000 kHz. Die uitruiling is 'n RS of RST verslag en provinsiale- of landsafkorting. Die frekwensie van elke QSO moet gewys word op die logstaat.

Neem deel en verwerf jou SARL Topband Sertifikaat.

** Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuusbrokkies van belang vir radioamateurs en kortgolfluisteraars in te dien.

Plaas nuusberigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ‘news inbox’ skakel nie later as die Donderdag wat die bulletindatum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 sentraal Afrika tyd na “Amateur Radio Today”. Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. ’n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 sentraal Afrika tyd op 3 230 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateurfrekwensies.

Jy het geluister na ’n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Vivian Dold ZS6VD, en gelees deur ……..

Die Afrikaanse nuus span groet nou en wens jou ‘n mooi week toe. Totsiens

73’s en dankie vir die luister

/ EX